Nr./No. 81 JUL 1981

100 jaar Majuba 100 years

27 FEBR. 1881 — 27 FEBR. 1981

# Pretoriana




DIE REBELLIE 1914—15 THE REBELLION

TYDSKRIF JOURNAL

VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

OF THE OLD PRETORIA SOCIETY

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



## AMAJUBA-SKILDERY

*'n Olieverfskildery soos gesien vanaf die Boere se kamp, gedoen gedurende 1896 te Harrismith, O.V.S., deur 'n kunstenaar vermoedelik afkomstig van België. Sy handtekening is onduidelik maar kan heel moontlik geteken wees "Denis van Exter". Die inskripsie onderaan die skildery lees "MAJUBA 27 MAART 1881", aldus die verkeerde datum. Dit moet wees 27 Februarie 1881.*

*Alhoewel die skildery baie naief uitgevoer is, is die gesig van Kmdt-Genl. Joubert duidelik herkenbaar. Onder in die middel is 'n portret van Pres. Paul Kruger en bo 'n portret vermoedelik van Sir Evelyn Wood. Die res van die figure is nie duidelik herkenbaar nie. Majuba, die berg self, is stilisties uitgevoer en feitlik nie korrek nie, asook ander gegewens soos die geskietery onder aan die voet van die berg.*

*Die skildery is gedurende die Tweede Vryheidsoorlog uit Suid-Afrika verwyder en na Engeland gestuur. Op 24 Februarie 1930 is die skildery deur ene Kaptein W.E. Fitzpatrick van Ierland, aan Genl. Smuts aangebied. Vanaf Suid-Afrika-Huis in Londen is die skildery na die Departement van Onderwys in Suid-Afrika gestuur en het dan uiteindelik sy weg gevind na die Nasionale Kultuurhistoriese Museum.*

*Wat interessant is omtrent die skildery is dat 'n kunstenaar, afkomstig uit Belgie, vyftien jaar ná die Slag van Majuba, in die Noord-oos Vrystaat 'n skildery in volkleur sou maak van die spesifieke slag.*

*A de Villiers*

*(Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria)*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## INHOUDSOPGAWE – INDEX


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Amajuba – Skildery | 2 |
| 2. | Begrafnis: dr W.H.J. Punt | 3 |
| 3. | Slag by Laingsnek en Amajuba. *H.B.K. Hermann* | 8 |
| 4. | Generaal Piet Joubert en Majuba. *F.J. du T. Spies* | 13 |
| 5. | Wat Mevrou Gen. Joubert vertelt | 22 |
| 6. | Generaal Nicolaas Jacobus Smit | 28 |
| 7. | Militêre leiers van die Eerste Vryheidsoorlog | 35 |
| 8. | The Illustrated London News – February 1881 | 36 |
| 9. | Toespraak van die Administrateur W.A. Cruywagen | 37 |
| 10. | Mount Prospect Military Cemetry | 43 |
| 11. | The Battle of Amajuba | 50 |
| 12. | Verklaring van Rooihuiskraal as Nasionale Gedenkwaardigheid 12 Februarie 1981 | 55 |
| 13. | Stephanus Johannes Roos | 56 |
| 14. | Joachim Johannes Ferreira *N.A. Coetzee* | 63 |
| 15. | Dr E.J.P. Jorissen | 65 |
| 16. | C.R. de Wet, M.W. Pretorius | 69 |
| 17. | Ligging van Fort Royal. *dr H.M. Rex* | 69 |
| 18. | Die Vroue deputasie met die Rebellie 1915 na Generaal Smuts | 90 |
| 19. | Wonderboompoort. Die Voordeur van Pretoria. *Hettie Cillie* | 92 |
| 20. | 'n Half-vergete stukkie geskiedenis. *Hettie Cillie* | 96 |
| 21. | Kommdt. Jopie Fourie. Monument by de Wildt | 99 |
| 22. | Geslagsregister van Jopie Fourie | 100 |
| 23. | Oorhandiging van ou Tronkdeure, Potgieterstraat aan Genootskap Oud Pretoria | 101 |
| 24. | Tronke van Pretoria | 103 |
| 25. | Lys van Rebelle 1914–1915 | 107 |
| 26. | Jaarverslag – Annual Report | 120 |
| 27. | Tuinboukompetisie | 124 |


Digitised by the University of Pretoria, Library Services



# BEGRAFNIS

---

**Willem Henry Jacobus Punt**
*26-04-1900 – †22-05-1981

---

**Kerkdiens**
Dinsdag 26 Mei 1981 11h00
N.G. Kerk Bronberg Sunnyside Pretoria RSA

**Teraardbestelling**
Pretoria-wes-begraafplaas Rebeccastraat

**Verversings**
"De Punt" Charlesstraat 479, hoek
Brooklynweg Menlopark Pretoria
12h15 – 14h30



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die diens word gelei deur ds P. Combrink, predikant in die Nederduits-Gereformeerde Gemeente Bronberg Pretoria

## Skriflesing

*Psalm 78 verse 1 tot 12.*

*Handelinge 13 verse 26 tot 37*

**Teks: Handelinge 13:36**

Want Dawid het ontslaap, nadat hy sy eie geslag volgens die raad van God gedien het, en is by sy vaders weggelê en het verderwing gesien.

**Gesang 285:3**

By die ope graf, o Here –
aan U ons lof en dank en ere!
U het die dood vir ons oorwin!
Elke sterwe bring besinning,
maar, Heer u sterwe bring oorwinning,
net U lei ons die lewe in!
So droog ons by die graf
die bitter trane af –
halleluja!
aan U die eer, gesalfde Heer,
wat ook oor graf en dood regeer!

**Gesang 353:4**

Ek weet aan wie'k my toevertrou het,
al wissel dan ook dag en nag;
ek ken die Rots op wie'k gebou het,
van wie ek al my heil verwag.
Eens aan die einde van my lewe,
sal ek, van alle sorge vry,
vir elke dag my hier gegewe
u hoër, reiner loflied wy.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

**Huldeblyk:**

Dr N.A. Coetzee
Sekretaris van die Willem Punt-Vereniging
Redakteur van Pretoriana (Genootskap Oud-Pretoria)

**Bedankings:**

Mnr Willem J. Punt

## DRAERS

**By die Kerk**

| | |
|---|---|
| Dr Herman Rex | Vriend, oud-kollega en medewerker |
| Mnr Hannes Meiring | Vriend en medewerker |
| Mnr J de Wet Trichardt | Vriend en medewerker Voorsitter van Trichardt-Genootskap |
| Mnr Johan de Ridder | Neef – susterskind |
| Mnr Jim Ruwers | Neef |
| Jongeheer Anton W. Punt | Kleinseun |

**By die Graf**

| | |
|---|---|
| Mnr Willem J Punt | Seun |
| Mnr Jan W. Punt | Seun |
| Dr Anton M. Punt | Seun |
| Dr Steve Driver | Skoonseun |
| Dr Chris van der Merwe | Skoonseun |
| Mnr Louwrens J. Punt | Kleinseun |



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# LEWENSKETS

## WILLEM HENRY JACOBUS PUNT

Gebore te Elandsfontein (Germiston) ZAR op 26 April 1900. Vader was Jacob Punt van die NZASM, gebore te Amsterdam 1870, oorlede te Pretoria 1960. Sy moeder was Cecile H. Ruwers, gebore te Hilversum, 1879, oorlede te Pretoria 1965. Daar was een broer, Jacobus Johannes Pieter, oorlede Pretoria 1904, ouderdom 18 maande en suster Cecile Jacoba (Cobie), oorlede Pretoria 1973. Haar ouer suster, mev Cecile de Ridder, woon nog in Pretoria. Dr Punt laat vyf kinders, vyf skoonkinders en dertien kleinkinders en een agterkleinkind agter. Die moeder is mev Phyllis Emily Punt gebore Barry, van Pretoria.

Willem Punt het sy skoolopleiding aan die Eendracht-Lagere Skool en die Hogere Oost Eind School, behalwe vir 'n onderbreking in1908 in Nederland, gehad. Hy word onderwyser en behaal sy onderwys-diploma aan die Normaalkollege. Later behaal hy sy B.A. en M.A. aan die Transvaal University College (Universiteit Pretoria) en in 1953 die D.Phil aan die Universiteit Stellenbosch met die proefskrif "Louis Trichardt se Laaste Skof".

Dr Punt was skoolhoof van Voortrekker-Laerskool 1935–1946 en Danville Laerskool 1946–1959. Hy is die oprigter van Genootskap Oud-Pretoria 1948, Trichardt-Genootskap, grondlegger van die opelugmuseumgedagte 1953, oprigter en eerste direkteur van die Stigting Simon van der Stel en oprigter van die Stigting Jan van Riebeeck, waardeur die Van Riebeeckhuis in Culemborg gered en gerestoureer word. Die Stigting Simon van der Stel se groot bewaringsprojekte; Fort Merensky en Bothsabelo, Coornhoop, Tulbagh- en Graaff Reinethuise, Macrorie House, Bradshaw-meul, word gedurende sy direkteurskap 1959–1973 aangepak. Hy word opgevolg deur sy seun Willem 1973–1978. Vanaf 1974–1979 was dr Punt honorêre geskiedenisadviseur van die Stigting Simon van der Stel.

Hy het persoonlik daarin geslaag om die Boere-Oorlogteëltablos, nou in Bloemfontein, uit Nederland vir Suid-Afrika te verkry, asook die skilderye van goewerneurs M.P. de Chavonnes en Van Plettenberg, mev Van Plettenberg en Augusta de Mist.

Die stryd om die behoud van die Wesfasade van Kerkplein is deur dr Punt in 1948, met die oprigting van die Genootskap Oud-Pretoria, begin – 'n stryd wat hy later 1975–1980 as lid van die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein help voortsit het. Dr Punt was ook 10 jaar lank lid van die ou Historiese Monumentekommissie.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Dr Punt se navorsing oor die Voortrekkerroetes lei in 1941 tot die ontdekking van die Trichard-graftes in Lourenco Marques waar in 1968 die Tregard-Trek-Gedenktuin ingewy word.

Eerbewyse wat dr Punt ontvang het is onder andere die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns se erepenning, die Stigting Simon van der Stel en Stigting Jan van Riebeeck en die Trichardt-Genootskap se erepennings. Die Stadsraad van Lourenco Marques se erepenning ontvang hy in 1968. Op 27 Julie 1981 sal in die Tuynhuis in Kaapstad die Staatspresident se Dekorasie vir Voortreflike Diens postuum aan Willem H.J. Punt toegeken word.

Die Genootskap Oud-Pretoria bring hiermee hulde aan die nagedagtenis van Dr Willem Punt, sy stigter. 'n Latere uitgawe van Pretoriana sal aan sy lewe en werk gewy word.



*H.B.K. Hermann*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# SLAG BY LAINGSNEK EN AMAJUBA 1881
## SOOS OPGETEKEN DEUR H.B.K. HERMANN
### wat self aan die gevegte deelgeneem het.

### H. B. K. HERMANN

Mnr H.B.K. Hermann is gebore op 9 April, 1857, in die wapad tussen Graaf-Reinett en Cradock. Sy vader het in die jaar hulle familie in die Kaapprowinsie gaan besoek. Hy het gewoon naby Krokodilrivier in Transvaal. Later in 1861 het sy vader die plaas Greylingspost gekoop, waar nou die stasie De Wildt is. Hier het oom Hendrik 'n tyd lank onderwys ontvang van 'n oom van hom, wat in die Kaapprowinsie gestudeer het.

Op 14 jarige leeftyd, dus in 1871 het hy belydenis gedoen. Op 20 jarige leeftyd in 1877 is hy getroud met Anna Ras, enkele jare gelede oorlede. In 1874 het sy vader die plaas Daspoort gekoop, toe 3 000 morge groot wat tans verdeel is in heelwat voorstede van Pretoria, soos Daspoort, Herkules, Mountain View ens. Hermannstad is deur hom aangelê as voorstad van Pretoria. Hendrikstraat is na hom genoem. Die families Hermann, Booysen en Ras is deur huwelike aan mekaar verbind.

Die 1ste Vryheid-oorlog het hy mee deurgemaak en was hy 'n lid van die lyfwag van President Kruger, toe die in Natal met die Engelse onderhandel het. Hy het aan die slag van Majuba deelgeneem.

Verskillende Kafferoorloë het hy mee gemaak en in die Boere-oorlog is hy aangestel as kommandant van die Engelse krygsgevangenes op Waterval, 12 myl noord van Pretoria.

Deur generaal French en Hamilton gevang, het hy met hulp van die Amerikaanse konsul en die Hoofbestuurder van die Standaard-Bank 'n parool-brief gekry, sodat hy in Pretoria kon bly. Dan moes hy sorg vir baie vrouens en kinders van wie die mans òf op kommando òf as krygsgevangenes weggestuur is. Later is die mense gebring na die kamp van Irene, maar oom Hendrik moes self sorg vir 18 kinders.

Hier volg sy beskrywing van die slag van Majuba waaraan hy deelgeneem het.

## 1881 – SLAG BY LAINGSNEK

Ons laer het op Ouhoutnek gestaan toe die Engelse Kommando anderkant die nek gekamp het. Toe het ons kommando posisie op die nek gevat. Ek dink dit was die 27ste Januarie, die vroeë môre. Toe wou die Engelse die nek vat en daar



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

was 'n harde geveg. Die troepe het die nek aan die regterkant gestorm waar 'n groot kommando van ons mense was. Toe het die geveg begin. Hulle kanonne het onderkant die huis van Laing gestaan. Die geveg het nie lank geduur nie, toe het die troepe die bergaf gevlug tot by die kanonne en het hulle die witvlag opgesteek. Daar was baie van die troepe doodgeskiet en gewond. Ons kant se verliese was ook swaar, daar was 14 dood en 28 gewond. Die Engelse se verliese was oor die 300 dood en gewond. Ons gewondes en dooies is toe na die laer geneem. Die Engelse het hulle dooies somar op die slagveld begrawe. Ons het die volgende dag 11 van ons mense by die laer in een graf begrawe. Die seun van ou Meneer Swart Dirk Uys is alleen begrawe, die ander twee is op hulle plase begrawe.

Die laer het toe opgetrek en op Laingsnek gekamp. Die generaal het toe besluit om die waens weg te stuur, toe die manskappe verdeel en aan weersyde van die wapad op die nek te kamp. Ons veldkornetskap S.J. Roos van Pretoria het links van die pad net onder Majuba en ook Kommandant Joachim Ferreira met sy manne. Die ander aan die anderkant langs die Buffelsrivier. Toe is Gen. N. Smit met 'n perdekommando Natal in om 'n klomp troepe te keer wat van Maritzburg gekom het, maar was die troepe al verby na hulle hooflaer en die boere het net 'n paar waens in die hande gekry. Toe hulle terugkom toe raak hulle slaags by Skuinshoogte. Dit was toe die 2de slag, daar het ons ook die slagveld behou. Daar is baie Engelse doodgeskiet, ons verlies dink ek was agt man dood maar die gewondes weet ek nie meer nie. Ons het byna die kanonne gevat was dit nie dat V/K Gert Oosthuizen daar swaar gewond is nie en toe was dit 'n hindernis sodat die Engelse die kanonne met die hande in die Buffelsrivier in en het ons net die agterstelle in die hande gekry. Dit kon beter gewees maar die versterking wat van die nek gestuur was moes 'n groot ompad gaan want die Engelse hooflaer het net tussen ons en die slagveld gestaan. Toe die versterking by ons kom het die Engelse al teruggegaan na hulle kamp. Die geveg dink ek was afbeveel. Ons kommando het teruggekom na ons kamp op die nek. Ons kamp het bestaan uit bokseile en enkele tente van die offisiere. Daar was bokseile wat 25 man moes herberg. Daar het toe ook 'n klomp Vrystaters by V/K Roos aangesluit. Hulle V/K was L. de Jager van Harrismith. V/K Roos en Kom. Ferreira moes die wag op Amajuba saamstel. Die wag moes 3 dae op die berg bly, dan word hulle afgelos deur 'n ander klomp. Die Heidelbergers onder Kom. Sarel Maré moes aan die anderkant waghou. Ek was Korporaal van die brandwag onder V/K S.J. Roos. Op. 26 Februarie is my wag afgelos. Toe die nag tussen 26 en 27 Februarie het die troepe van Gen. Coley die berg uitgeklim. Toe dit begin lig word, word die wag, wat nie bo-op die berg was waar hulle moes wees nie, die troepe van Coley gewaar. Toe is daar ook 'n paar skote op hulle geskiet wat die aandag van die offisiere getrek het, toe sien ons daar is troepe op die berg. Die brandwag is toe in 'n kloof af en hulle bring die rapport dat die Engelse op die berg is, maar ons het hulle toe alreeds gesien. Toe vra V/K Roos: "Waar was die brandwag wat op die berg moes gewees het?" Die offisiere kom toe bymekaar om plan te maak.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Gen. Piet Joubert was baie kwaad en het met die offisiere geraas en gesê: "Daar is die Engelse nou op die berg en nou het ons alles verloor!" V/K Roos sê toe: "Generaal ons gaan hulle afjaag!" Toe was V/K Roos, Kom. Ferreira en V/K De Jager bymekaar. Hulle roep toe hulle manne op en sê: "Ons moet die berg gaan uitklim". Ons is toe al langs die berg aan die westekant. Daar het die perde toe gebly. Daar het Kom. Smal van Heidelberg ook met sy manne bygekom. Ons is toe die eerste bank uit. Van die weste kant het ons toe noord uitgeklim na die 2de bank. Toe was ons ookal naby die Engelse troepe. Ons het agter die bank gelê en skiet met tweehonderd versier, so naby was ons. Die geveg was toe aan die gang. Die mense het baie agter gebly sodat ons nie baie was nie maar daar het nog altyd manne van onder die eerste bank gekom. Daar was wat ek gesien het net drie offisiere Joachim Ferreira, V/K Roos en Sarel Marê asook die Vrystater L. de Jager met 'n klomp van sy manne. Ek was altyd by V/K Roos. Daarbo by die laaste bank het ons lank gelê en skiet. Die Engelse skiet al oor ons want ons was agter 'n bank. Omtrent 11 uur het V/K Roos sy jonger broer gestuur om die mense te sê om nie daar van onder te skiet nie, hulle moet opkom tot waar ons is. Piet Roos moes deur die koeëls na onder en weer terug na ons. Toe hy terugkom was die drie offisiere en ook De Jager bymekaar. Piet bring toe 'n boodskap van Veggeneraal N. Smit dat ons nie moet verder gaan nie, maar die posisie hou tot die aand, dan sal hy meer manne stuur. Die boodskap het Piet van die adjudant, van Gen. Smit self gekry, want Piet was ook Adjudant van V/K. Roos. Toe die boodskap daar kom sê V/K Roos aan my: "Nee ons moet nou die Engelse storm". Toe kom die drie offisiere weer bymekaar en sê: "Hieraan kan ons nie veel doen nie, ons moet die Engelse storm of vlug". Toe besluit hulle om te storm. Hulle het die posisies bekyk en besluit om van drie kante te storm en aan te val. Kom. Ferreira neem toe die weste kant en Kom. Marê die ooste kant. V/K Roos moet toe op die hoofkommando van die Engelse aanval. Dit het so mooi gelyk gegaan: toe die een klomp storm het aldrie gelyk op die berg uitgekom sodat die troepe toe onder drie vure was. V/K Roos en ek en de Jager was eerste op die laaste bank uit. Toe skiet ons op die bol en die ander manne het toe ook vinnig uitgekom. Die troepe het toe gevlug. Toe het ons hulle agtervolg tot waar hulle die kranse afgeval het.

Reg voor V/K Roos het Coley gelê. Toe sê ek vir hom "Hier lê 'n Generaal". Die Jager sê: "Ja, dit is 'n Generaal". Dit was nog in die geveg. Toe het ons op die krans gestap. Toe het die agterste mense uitgekom en alles gebuit. Coley se mondering was alles weg toe ons terugkom. Ek kry toe daar twee oorlogskorrespondente, die een was gewond aan sy arm. Die een kon bietjie Afrikaans praat. Hy vra toe dat ek hom na die offisier toe moet neem. Ek bring hom toe by V/K Roos en hy vra verlof om na hulle laer te gaan om 'n rapport weg te stuur na Engeland van die slag. V/K Roos sê toe vir hom: "Hier is 'n Generaal. Hulle sê dit is Coley". Hy sê toe Coley was by die kommando. Toe het ons met hom na die lyk gegaan en hy sê toe: "Ja dit is Coley" en gaan aan die huil.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die Generaals was toe nog nie daar. Toe sê V/K Roos aan hom hy moet wag, die generaals sal kom dan sal hy hom by die generaal bring en die kan met hom praat. Toe die generaals op die slagveld kom was die slag al meer as twee uur afgeloop. Toe kom Gen. Smit en Joubert. Die het toe ook vir die korrespondent gevra of dit werklik Coley was wat hy toe bevestig het. Toe kom 'n Meneer Uys en sê: "Broers, die Here het ons so gehelp laat ons hom eer en dank". Toe roep hulle die mense bymekaar en Meneer Uys haal sy bybel uit en lees daaruit en doen 'n dankgebed. Daar het oor die honderd dood en gewond op een klomp gelê, en sewe-en-twintig krygsgevangenes. Toe die diens verby was het die Generaal gesê dat die burgers wat geveg het maar kan terug gaan na die kamp. Ons het die dag nooit geëet nie. Toe sak daar skielik 'n wolk op ons neer dat dit 'n dik mis was en ons geen tien tree ver kon sien nie. V/K Roos roep toe sy mense bymekaar, hulle was almal net een was gewond, G.E. v.d. Merwe, 'n vleis wond bokant sy knie. Van Kom. Fereira was een dood en een gewond. Die dode was Groenewald. Ons is toe na die kamp terug – waternat gereënt. Toe moes ons eers vleisbraai om te eet. Die volgende môre is V/K Roos met 'n klomp van sy manne weer die berg op. Ons was toe te perd. Toe ons op die berg kom het die troepe ook daar gekom om die gewondes van die berg af te dra. Hulle is toe onder die berg in die huis van O'Niel gebring toe loop ons en ons vyand saam op die berg rond om die gewondes te soek. Hulle het toe op die berg 'n groot graf gemaak en al die dooies daarin begrawe. V/K Roos en ons is toe die berg aan dié kant, waar die Engelse die nag uitgekom het, af tot by die huis van O'Niel. O'Niel was weg en die huis was leeg maar toe lê die huis vol gewondes. Ons het in die huis gegaan en gaan kyk. Die Engelse het niks gedoen om ons teen te gaan. Ons het vry daar rond geloop. Toe was dit stilstand van wapen. Die dag het General Wood gekom en met hom is toe onderhandel wat tot die vrede gelei het, ook oor die lyk van Coley.

Van V/K Roos se mense wat daar was, is ou Meneer J.G. Hermann op De Wildt, nou al 94 jaar en M.N. Ras van Rashoop en W.J. Ras van Dekroon, Brits, ene Petrus Pretorius van Broederstroom en Andries Pretorius. Ek dink hy woon nou in Waterberg. Hy is ook een van die verkenners.

*H.B.K. HERMANN*

*BYSKRIF:*

*Oupa is op 9 April 1857 gebore en is op 23 November 1936 oorlede. Hy het in die omgewing van Pretoria gewoon. Hy was 24 jaar oud toe hy aan die slag van Majuba deelgeneem het. Hierdie geskiedkundige verslag, volgens sy herinnering, en in sy eie handskrif, het hy op die ouderdom van 78 jaar geskryf.*

*Isabel du Plessis (gebore Hermann)*
*28 Januarie 1981*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## *VAN DIE REDAKSIE: PERSONE IN DIE HERINNERINGE VAN H.B.K. HERMANN GENOEM.*

*In Pretoriana Nr 80, bls. 59 word verwys na die historiese Booysen graftes in Booysens, Pretoria.*

*Jan Jonathan Booysen (2.9.1833–20.8.1880) se vrou Christina Maria Herman (18.5.1832–11.9.1885) was 'n suster van Mathys Johannes Hermann. Sy graf in die Pretoria-Kerkstraat begraafplaas, met byskrif (Voortrekker uit die Kolonie) Hulle vader was Jacobus Johannes Hermann.*

*Die skrywer van die Amajuba-herinneringe, Hendrik Balthazar Klopper Herman was 'n seun van hierdie Mathys Johannes Hermann. Hulle was die stigters van die voorstad Hermannstad. H.B.K. Hermann was getroud met Anna Magdalena Ra wie se twee broers in die geskrif genoem word en wat ook aan die geveg Majuba deelgeneem het,*

*Marthinus Nicolaas Ras – begrawe op Rashoop Brits*
*Willem Adriaan Ras – begrawe op de Kroon, Brits.*

*H.B.K. Hermann (9.4.1857–23.11.1936) is begrawe in die Rebekkastraat begraafplaas, Pretoria. Sy seun was Mathys Johannes Hermann gehuwd met Magdalena Elizabeth Oppermann, wie se dogter die gedenkskrif en al die inligting die redaksie beskikbaar gestel het, nl. Isabella Laurika Hermann, gehuwd met Jan Leon Cachet du Plessis (Nou woonagtig in Pretoria, vroeër van Rashoop Brits).*

de Engelse het niet ge doen om ons
te te gaan ons het vrij daar Rond ge
loop. toe Was eut Stestant van
Wopen. de dag het generaal Wood
gekom an. met hum es twe
ander hundet wat tu tot de
Vrede gelyk het ook oar de lyk
Van Colly

Van NC Raas se minse wat nog lef
wat daar Was es ou mnr J G Hermann
M N Ras op Rashoop 94 jaar en
en W A Ras de kroon - Brits
en petrus pretorius Broederstroom
Andries pretorius ek dink hy woon nou
in Waterberg. hy is ook een van de
Voorkleuers.

H B K Hermann

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# GENERAAL PIET JOUBERT EN MAJUBA

*(F.J. du T. Spies)*

"Hier staan my twee veggeneraals en twis. Julle twis, julle wat die berg moes bewaak. En nou is die Engelse op die berg en ek sê julle twee, julle sal hulle daar gaan afhaal". Hierdie woorde word aan generaal Piet Joubert toegedig toe hy die oggend van 27 Februarie 1881 generaal Frans Joubert en generaal Nicolaas Smit verwyt het dat hulle die kop van Majuba daardie nag nie goed bewaak het nie.

Volgens mevrou generaal Joubert was dit sy wat haar man se aandag op die aanwesigheid van mense op die kop gevestig het. Daar is ook 'n verhaal dat 'n sekere mevrou De Jager van 'n naburige plaas hom daarop gewys het. In die eerste geval sou die generaal geantwoord het dat dit moontlik die versterkings uit Pretoria was wat hy verwag het. In die tweede geval sou hy gemeen het dat dit bergbokke kon wees. In albei gevalle was die vraag-antwoord: van wanneer af dra hulle (Boere of bokke) dan rooibaadjies?

Na die Eerste Vryheidsoorlog is Piet Joubert gevier as die held van Laingsnek, Skuinshoogte en Majuba. As kommandant-generaal was dit hy wat die strategie van die oorlog beplan het. Sy portret was na die oorlog in aanvraag. Dit het waarskynlik in meer as een voorhuis gehang, moontlik 'n afdruk van die skildery waar hy op sy perd aangejaag kom en na Majuba wys. Na die slag van Majuba het hy nog negentien jaar lank gelewe, 'n vol lewe gehad, sy land op meer as een terrein gedien.

Die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* beskryf hom as "kort, geset en frisgebou, energiek, met 'n groot werkvermoë" iemand wat deur selfstudie die meeste van sy landgenote in ontwikkeling vooruit was, "'n goeie debateerder, redenaar en geleentheidspreker."


Volgens Fred Jeppe was hy ". . . eminently patriotic and far-seeing, extremely clever, observant and quick-witted" maar sy stem "shrill and jarring in tone". E.J.P. Jorissen tipeer hom as ". . . bewegelijk, vlug van gebaar, goed ter taal. krijschend van stem (met) kleine, zwarte, sprekende oogen".

Ons sien generaal Piet Joubert as 'n vryheidsvegter tydens die versetbeweging en die Tweede Vryheidsoorlog. In antwoord op sir Bartle Frere se bewering dat die Britse vlag altyd oor Transvaal sal waai, was sy vinnige reaksie: "oor die land miskien, oor die volk nooit". Toe regter Kotzé wou hê dat hy die eed van getrouheid teenoor die Engelse koningin moes aflê, was sy antwoord: "Haar Majesteit het die land met geweld geneem en sy kan my met haar mag dwing, maar my hart aan haar getrou maak, dit kan sy nie en daarom: sweer sal ek nie."

Aan sir Garnet Wolseley wys hy daarop dat Engeland bereid was om aan Ketswayo en die Zoeloevolk die onafhanklikheid te gee ondanks die feit dat hulle Britse soldate vermoor het, "maar ons, wat steeds in vrede met Haar Majesteit



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Genl. P.J. Joubert.*



*en sy eggenote*

*Hendrina Susanna Johanna Botha*



*Genl. Piet J. Joubert Residence – 218 Visagie St. 1960*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

se kolonies gelewe het en steeds gewilligheid getoon het om saam te werk vir vrede en voorspoed in Suid-Afrika, ons mag nie vry wees nie, 'n ongevraagde bestuur word ons opgedring".

Dan is daar die veel aangehaalde uitspraak van hom voor die volksvergadering op Kleinfontein, waar hy verslag gedoen het van die afvaardiging na Engeland: "Maar ek sien op 'n Hoër Hand bo ons, en indien Engeland so sterk was dat hy my tot stof kan vermorsel, dan sou ek, met Sy hulp, liewer vermorsel word dan my vryheid op te gee; maar ek sal voortgaan en werk om die vryheid deur wet en orde te verkry".

En toe weer op Wonderfontein: "Vryheid is 'n dierbare kleinood; u weet wat ons reeds daarvoor opgeoffer het; die geskiedenis leer ons wat mens daarvoor kan opoffer. Dit is ons ontneem en ons wil dit terug hê. Raadpleeg u God, maar onthou ook dat die Heer wraak sal neem op hom wat roekeloos sy land en volk tot ondergang bring".

Blykbaar het hy die menigte by sulke geleenthede besiel; die atmosfeer was gelaai; daar was immers 'n storm op koms.

Toe hy voor die slag by Skuinshoogte hoor van die Britse versterkings wat aangevoer word, was sy versugting: "Nu weet onze God . . . alleen en best wat van ons worden zal. Wij zijn hier in de bek van de leeuw". Hy het met 'n ongeruste hart die oggend van Majuba af weg gery na die linie by Laingsnek om te verhoed dat die Engelse daar sal deurbreek. Hy het ook aan die moontlikheid van 'n westelike omvleueling gedink. Toe Majuba oorwin is, het hy die eer nie aan homself toegeëin nie, maar aan sy burgers, en nog meer aan die wil van God: "De overwinning was niet behaald door de boeren, noch door hun scherp schieten. Het was door God gegeven. Ja God is ons helper geweest en als Majubadag elk jaar terugkomt, moeten wij, zondig volkje, ons voor Hem verootmoedigen en Hem danken".

Piet Joubert is seker een van die interessantste karakters uit ons geskiedenis. Met al sy deugde en gebreke vind ons by hom 'n menslikheid waarmee ons onsself feitlik kan vereenselwig.

Ook moet die invloed van sy vrou, mevrou generaal Joubert, in ag geneem word. Sy was kennelik 'n vrou met 'n sterk persoonlikheid. Soos bekend het sy haar man op meer as een veldtog vergesel. Sy was dan ook in die laer by Majuba toe die beslissende slag gelewer is. Volgens 'n medewerker van *De Volkstem* was dit mevrou Joubert wat na die anneksasie van Transvaal 1977 "de moed er in hield". Die Kommandant-Generaal was diep verslae en wou die land verlaat. "Ek wil weer weg, ek sal vir ons 'n wa maak, ek kan nie onder 'n vreemde vlag lewe nie", sou hy gesê het. "Ek waar wil jy dan gaan? het sy gevra, "daar is mos nie meer plek nie. Nee man, ons moet die Engelse uitveg". En dit het hy toe gedoen met die slag van Majuba op 27 Februarie 1881.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services